Paraat OP DIE PAD

Verkeersopvoeding is nie veronderstel om per ongeluk te gebeur nie. Die boodskap wat kinders by die skool kry, moet tuis deur ouers versterk word.

DEUR MILLICENT MERTON

Vir baie ouers is verkeersveiligheid sinoniem met Daantjie Kat. Dié gewilde karakter se padreëls is sedert die tagtigerjare deel van laerskoolkinders se opvoeding.

Die goeie nuus is dat Daantjie steeds in omloop is – katte het mos nege lewens, of hoe? Clive Le Keur van die Wes-Kaapse Departement van Gemeenskapsveiligheid neem Daantjie op skoolbesoeke. "Ons doen tussen 50 en 60 skoolbesoeke per jaar en probeer om Daantjie se optredes regoor die provinsie te versprei."

Besoeke is gewoonlik op versoek van die skool of die verkeersdepartement in die betrokke gebied. Plaaslike verkeersbeamptes vergesel Daantjie en Clive op hul skoolbesoeke.

"Daantjie het 'n spesifieke boodskap met drie temas: veilige plekke om die straat te kruis; veilige plekke om te speel en fietsveiligheid.

"Wanneer ons by 'n skool kom, doen ons 'n opname van die verkeerskwessies in die gebied en behandel dit ook tydens die optredes."

Clive sê die Daantjie-karakter word gebruik om lesse wat die opvoeder aan kinders in die klas oor verkeersveiligheid leer, te versterk. Ouers se voorbeeld bepaal egter grotendeels watter soort padgebruikers kinders word.

Hy sê partykeer werk die boodskappe wat kinders by die skool en by die huis kry, teen mekaar.

"Binne die eerste ses, sewe jaar van 'n mens se lewe word padgewoontes vasgelê."

Volgens Clive is kinders meer traak-my-nie-agtig oor padreëls as wat hulle onkundig is. "Statistiek en navorsing toon die grootste rede vir ongelukke is mense se houding. Motoriste kan help om meer verdraagsaam teenoor voetgangers te wees sodat ons kinders as meer bedagsame padgebruikers kan opgroei."

Die direktoraat verkeersveiligheid het ook voorbereide lesse wat amptenare gebruik om werksessies vir onderwysers aan te bied en daar is materiaal vir elke fase beskikbaar.

Al hoe meer kinders maak ook deesdae van openbare vervoer gebruik om by die skool te kom. Thandazwa, 'n ma van twee, sê kinders van so jonk as ses reis daagliks per trein tussen Khayelitsha en Kaapstad. "Hierdie kleintjies word gewoonlik deur 'n volwassene vergesel, maar kinders van tien jaar oud reis soms op hul eie."

Riana Scott van Metrorail sê dit is belangrik dat kinders paraat is en bewus is van moontlike gevare. Sy sê ouers word aangemoedig om kinders te leer om basiese reëls te gehoorsaam, soos om nie in of uit 'n bewegende trein te klim nie, die spoorlyn slegs by die aangewese kruisings oor te steek, en agter die geel lyn op die platform te wag tot die trein heeltemal tot stilstand gekom het.

FOTO'S: [illegible]

Bly só veilig

Treinveiligheid:

- Pasop vir die gaping tussen die trein en die platform.
- Moenie probeer om in of uit by 'n bewegende trein te klim nie.
- Bly agter die geel lyn op die platform totdat die trein tot stilstand kom.
- Luister na die veiligheidsinstruksies.
- Maak seker jy het 'n geldige treinkaartjie.
- Wees ten minste vyf minute voor die trein vertrek op die platform sodat jy jou nie hoef te haas nie.
- Kruis die spoorlyn slegs by die aangewese kruising, duikweg of brug.
- Gehoorsaam alle verkeerstekens en nader kruisings uiters versigtig – moenie die lyn oorsteek indien 'n trein aankom nie.

Algemene veiligheidswenke:

- Wees ten alle tye bewus van jou omgewing en die mense rondom jou.
- Wees op jou hoede wanneer 'n vreemdeling jou nader.
- Bly altyd in 'n groep.
- Moenie waardevolle items, selfone en juweliersware vertoon nie, dit lok misdadigers.

Jou Kind en Skool word moontlik gemaak deur Media24 Rachel's Angels Trust. Rachel's Angels is 'n mentorskapprogram, en word sedert 2007 in die Wes-Kaap in samewerking met die Universiteit Stellenbosch bedryf. Die program is daarop gemik om graad 11- en 12-leerders se akademiese vermoëns te verbeter en om hul lewensvaardighede te verryk deur senior studente van die universiteit as mentors te betrek. Kontak ons by 021 406 2532 of www.empowerment24.co.za

VRA VIR BERYL

Is daar goed waaroor jy as ouer wonder? Vakke of kurrikulums wat jy nie verstaan nie? Ons kundige, Beryl Botman, beantwoord jul vrae, of gee raad.

V ANONIEM
Ek is 'n werkende ma en het net tot standerd 7 skoolgegaan. Ek kom saans taamlik laat by die huis en het min tyd. Boonop verstaan ek nie al die goed wat my kind vir huiswerk kry nie. Wat kan ek doen?

A Ouers hoef kinders se leerplan nie noodwendig te ken om te help nie. Maak seker dat jou kind wel huiswerk doen, want dit kan help om jou eie vaardighede ook te ontwikkel. Jy kan ook by 'n Abet-sentrum in jou omgewing inskryf en só jou Senior Sertifikaat kry. Die naaste skool behoort met skakelbesonderhede te kan help.

As dit egter nie vir jou moontlik is om by 'n formele sentrum in te skryf nie, kan jy baie vermag deur te begin lees. Koerante, tydskrifte, boeke en selfs pamflette kan jou kennis uitbrei. Woon alle skoolvergaderings by sodat jy op hoogte is van wat in jou kind se skoolwerk aangaan en vra as jy iets wil weet.

Jy kan ook oorweeg om jou situasie by die Skoolbeheerliggaam aan te meld. As die aanvraag groot genoeg is, kan die skool alternatiewe na-skoolprogramme vir kinders in werking te stel. Die program kan jou kind die plek en geleentheid bied om onder toesig huiswerk te doen. Dis ook moontlik om met betroubare bure te reël om 'n groepie kinders van die omgewing onder toesig van 'n ouer te laat huiswerk doen. As een ding nie werk nie, maak 'n ander plan.

V BEVERLEY ADAMS VAN PORT ELIZABETH
Ek probeer dat my kinders 'n vaste roetine volg, maar wat doen ek as my kinders nie altyd huiswerk kry nie?

A Jy hoef nie die roetine te verander nie. Daar is altyd iets te doen. Die eerste ding wat jy kan doen is natuurlik hersiening van werk wat jou kind alreeds afgehandel het. Skoolwerk strek ook wyer as die formele huiswerk en projekte, julle kan hierdie tyd gebruik vir iets soos lees. Sorg dat daar koerante, tydskrifte en boeke waarvan jou kind hou, byderhand is. Versamel saam artikels en bylaes vir skoolkinders uit koerante en tydskrifte. Die tye wanneer jou kind geen of min huiswerk het nie, kan julle dit saam organiseer en bêre vir latere gebruik. In hierdie tye kan julle ook briewe skryf, 'n inkopielys saamstel en dagboekinskrywings maak. Dis alles aktiwiteite wat leer ondersteun.

SOEK JY RAAD?

Stuur jou versoek (bv. KUIER SKOOL Padreëls) na
• Posbus 7191, Roggebaai, 8012
• SMS KUIER SKOOL gevolg deur jou versoek na 32113. R1/SMS
• E-pos kuier@kuierinstyl.co.za met KUIER SKOOL in die onderwerplyn